siere, menere Burcholds, Bauling en Jansen. Daar het ons ingeval en in die rigting van Vegkop gemarsjeer.

Die waens was vooruit met die proviant en tente. Toe ons laat in die middag daar aangekom het, het party van ons die tente opgeslaan, onderwyl die ander hout en water gaan haal het, en ook kos gekook het. Ons het koffie gemaak en ons vleis het ons op mikstokke gebraai; na die ete het ons gaan baai; dit was al donker, maar die water was aangenaam gewees. Om nege-uur moes alles stil wees, en om halftien moes al die ligte uit gewees. Die anderdagmôre het ons halfsewe opgestaan en vir 'n uur gaan marsjeer, toe het ons ontbyt geniet en gaan leer om met die vlae te signaleer en ons het verder met geweeroefening tot die middagete aangehou. Na 'n goeie ete het ons gerus en van vyf- tot sesuur weer oefeninge gedoen. Ek is sersjant en het help kos uitdeel. Ons, jongseuns, was plesierig en het die lewe baie geniet. In die aand het ons weer gaan baai en toe ons teruggekom het, het die Kaptein die wagte op die vier hoeke van die kamp uitgesit. Elke wag het 'n uur gestaan, en ook twee prisoniers gevang, wat na ons kamp wou gekom het. Ons het die nag lekker geslaap. Die anderdag het ons ontbyt gemaak, en die tente begin afslaan. Toe het ons Vyekop-toe gemarsjeer waar eerwaarde Brown 'n kort Engelse diens gehou het, en na die diens is ons terug kamp-toe vir ons middagete, bestaande uit vleis, aartappels, brood en koffie. Toe het ons gou die tente, komberse en geskuurde potte op die wa gelaai. In opgewektheid het ons toe weer naar Vyekop gemarsjeer, waar dominee Worst vir ons 'n klein Afrikaanse diens gehou het. Na die diens was dit huis-toe—eers hoërskool-toe waar ons ons gewere afgegee het, en daarna is ons na ons ouers se huise toe.

Sulke oefeninge is baie goed om van ons goeie burgers vir ons land te maak.

Met beste groete,

CESTMIR VON DORNIK PLATER.

Lydenburg,
Transvaal.



Meisies wat verversings bedien het om fondse vir hulle skoolvakansie bymekaar te maak.



Lulu, Vonnie en Dalla in die Krugerwildtuin.

Liewe Kleinspan,

Ek wil ook nou 'n maatjie van julle word, want dit is vir my baie mooi om al julle briefies in *Die Kleinspan* te lees; seker vir julle ook, nè?

Ek woon hier op Soutpan. Hier word baie sout gemaak. Die mense raap die growwe sout uit panne. Die fyn sout maak hulle in die fabriek waar hulle die soutwater kook, en die sout dan in blokke uit die panne haal. Die blokke sout word later fyngemaal en deur vrouens in sakkies gegooi en toegewerk.

Dis baie mooi om na die soutmakery te gaan kyk. Julle kan gerus een dag kom kyk. Britten-stasie is naby die fabriek.

Beste groete van

BESSIE BOTHA.

Liewe Kleinspan,—Ek lees graag *Die Kleinspan*. Nou wil ek vra of Lettie Barnard, Rooipan, Keetmanshoop, S.W.A., of Bettie Coetzee, Sunnyside, Pretoria, nie aan my wil skryf nie. Ek wil graag van daardie dorpe hoor, ek wil ook hê hulle moet reguit aan my skryf.

Dit is party dae by ons baie koud. Ons skool is op die plaas, en ek is nou in Std. IV. Ek leer graag.

Ons het al klein lammertjies.

HYLY OLIVIER.

Agterstefontein,
P.K. Bloemfontein,
Fraserburg.

Liewe Kleinspan,—Ek wil julle net vertel hoe baie ek van die storietjies wat in *Die Kleinspan* verskyn, hou, veral die storietjie van die ,,Straatkindjie.''

Ek is nog maar ses en was net een kwartaal in die skool, toe word ek siek. 'n Part van my been het verkalk. Dokter sê ek moet hospitaal-toe gaan. Nou wil ek julle net vra om dan aan my te dink.

Groete aan die Kleinspan van

WALTER SMIT.



Ena (die twede Linda, 183 pond) het gehelp om fondse vir die vakansie van die ambagskool waaraan sy behoort, bymekaar te maak.

*Omdat daar so baie briefies is, verskyn daar volgende week weer van Ons Pos. Dan hoor ons oók weer van Danie en Stanley.*



3C151 K6.4

# DIE KLEINSPAN

## DIE KINDERS SE HUISGENOOT

DEEL IV. No. 24. 9 Nov. 1928.

INHOUD.


| | |
|---|---|
| JANNIE SE GENESING | 1 |
| ONS ERFENIS | 2 |
| JAN EN DIE TWEELING | 3 |
| POMPE | 4 |
| JANNIE SE ONTMOETING | 4 |
| PIESANGS | 5 |
| ONS POS | 6 |


## Jannie se Genesing.

DEUR P.G.

SOE, maar die Jannie kon huil! En dit somar oor niks. Dit het skoon op 'n mense se senuwees gewerk, want kyk jy na hom, dan huil hy, en kyk jy nie, dan huil hy ook; en daarby was hy nie meer so 'n danige babetjie nie: hy was al ses jaar oud. So 'n enkele keer het sy moeder hom hard aangespreek, maar meestal het sy gedink dat die ander kinders hom terg, en Jannie het maar so aangegaan.

Piet en Danie, Jannie se twee ouer broers, was al baie moeg vir die gedurige gehuil, en hulle maats, Hannes en Vries, het hom gewaarsku dat hulle hom sou doop as hy so aangaan, maar Jannie het hom nie daaraan gesteur nie. Een middag het die vyf seuns weer buite gespeel, maar dit was nie lank nie of Jannie hardloop huil-huil huis-toe.

,,Nee kyk,'' sê Hannes, ,,ons moet vir Jannie daardie streke afleer; dis mos darem nie lekker om met so 'n kruidjie-roer-my-nie te speel nie.''


Lank het die vier gesit en dink wat hulle met Jannie sou maak, maar hulle kon nie aan 'n plan dink nie. Eindelik sê Piet: ,,O, wag, ek het 'n plan. Kyk, ons vat daardie balie wat in die agterplaas staan, en sit dit op 'n groot kas. Sodra Jannie weer huil sit ons hom bo in die balie, dan sê ons vir die kleinjong om agter Jannie se rug te staan, en stadig water in die balie te laat afloop, sodat Jannie dit nie kan sien nie. Dan vertel ons vir hom dat hy in sy trane gaan verdrink.''

,,Dis 'n gawe plan,'' sê Vries; ,,jy is somar 'n eersteklas kêrel.''

Hierop laat Danie sy stem hoor, en sê: ,,Ja, maar ons sal moet wag totdat Ma een dag van die huis weg is, anders sal die plan nie uitgevoer word nie.''

,,Dis goed,'' antwoord die ander, en so was die afspraak gemaak.

Toe moes hul eers vir Adoons, die kleinjong, gaan vertel van die plan,



en die klein swartvel was so ingenome met die idee; ja, hy het gelag dat 'n mens sy wit tande kon tel. Die miesies het mos een dag sy ore goed warm gemaak omdat hy kamma vir Jannie geterg het; nou was dit sy kans om hom te wreek.

Hulle het nie nodig gehad om lank vir hul kans te wag nie, want net die volgende middag het Jannie se mammie 'n besoek gaan aflê. Die vyf seuns het weer in die agterplaas gespeel, en hulle het pas begin of Jannie sit weer 'n keel op. Piet staan ongemerk op om dinge te gaan reg sit, maar dit was nie nodig nie, want toe hy om die hoek kom, sien hy dat Adoons al alles reggemaak het. Agter die kis het 'n groot blik water gestaan, en langsaam sit Adoons met 'n bekertjie in die een hand.

Piet wink vir die ander, en soos een man gryp hulle die skreeuende Jannie, en voor die oudjie nog wis waar hy was, sit hy bo in die balie. Die ander vier gaan sit toe 'n entjie van hom af en sê: ,,Toe skree nou''; en dit het hy ook toe goed gedoen: die trane het eintlik resies geja langs sy wange af. Maar meteens voel hy iets koud; hy bly 'n rukkie stil om te kyk wat dit is; die ander sien dit en skree:

,,Ja, jong, vandag verdrink jy in jou eie trane,'' maar toe sit Jannie eers weer opnuut 'n keel op.

Hy merk darem dat die water al hoër en hoër rys, maar hy het vas geglo dat dit sy trane was. Later was sy klere ook nat, en die oudjie het net in die nood begin raak, maar hy bly nog nie stil nie. So nou en dan loer Adoons oor die balie, dan lag die ander tog alte lekker; maar Jannie het nie geweet wat agter hom aangaan nie, en hy word toe al meer in die nood. Sy klere was papnat, en hy kon nie waag om in die balie op te staan nie, want dan slaan dit dalk met kis en al om, en hy sou dan seer val.

Toe kon hy darem nie langer uithou nie, en hy begin soebat: ,,Haal my tog asseblief uit, asseblief tog.''

,,Nee, jong, verdrink maar in jou trane, jy wil mos,'' antwoord die ander.

,,Ek sal nooit weer so baie huil nie as julle my tog net uithaal.''

Die vier gaan staan toe voor die balie, en Danie vra: ,,Gaan jy vir Ma vertel?''

,,Nee,'' antwoord die benoude Jannie; ,,en ek sal ook nooit weer so huil nie.''

,,Nou ja, as jy jou belofte breek, sal dit volgende keer baie erger met jou gaan.''

Hulle haal hom toe uit, neem hom huis-toe, en gou-gou was hy droog aangetrek. Die nat klere was ook al weer droog toe sy ma tuis kom.

Hierna was Jannie se huilery ook feitlik op 'n end; sy ma kon dit nie verstaan nie, en meer as een keer het sy opmerkings daaroor gemaak, dog die seuns het die geheim goed bewaar, en dit het baie lank geduur voordat sy van Jannie se geneesmiddel uitgevind het.

## Ons Erfenis.

LIEWE KLEINSPAN,—Ons geniet vandag al die geriewe van ons tyd. Ons het 'n treindiens, lugdiens, draadlose telefonie en 'n menigte ander dinge. Nou is daar gevaar dat ons aan al die geriewe so gewoon sal raak dat ons ons nooit in die plek van die mense kan stel wat honderde jare voor hierdie uitvindsels gelewe het nie. Baie van hulle het hulle lewe aan dié dinge gewy, en vandag pluk ons die vrugte daarvan. Miskien vertel ek julle later 'n bietjie van dié mense.

Vandag wil ek julle iets van die ou Griekse nasie meedeel, juis omdat ons van hulle 'n baie kosbare erfenis ontvang het. As ons van die ou Grieke praat, dink ons veral aan die twee groot stamme die Atheners en die Spartane, wat hulle eie dialekte gepraat het. In die ou dae het die mense nie dieselfde betekenis aan 'n staat geheg as ons nou nie. 'n Staat het baiemaal bestaan net uit 'n groot stad, met die omliggende graanlande en weivelde daarby. Dit was dan ook die geval met die twee Griekse stede Sparta en Athene. So 'n staat was dan onafhanklik, en het sy eie wette gemaak. Dit was dan ook noodsaaklik dat hulle self hulle eie sake moes reël, want Griekeland is besonder bergagtig, en in dié dae—lank voor die geboorte van Kristus—was verkeer baie moeilik.

Die Spartane het hulle so te sê net op oorlogskuns toegelê. Hulle het dan ook alles daarvoor opgeoffer. Die



Baba Steyn in 'n reusagtige palmbos.

kinders is van kleins af taai gemaak, sodat hulle sterk kon wees, en goed in tyd van oorlog kon uithou. As daar 'n kindjie gebore word wat swak of gebreklik was, het hulle hom somar in die berge gaan sit; en so het die arme bloedjies verkluim. Omdat hulle niks in tyd van oorlog sou beteken nie, wou die Staat nie met hulle opgeskeep wees nie. Hulle was harde mense, en het nie jammerte gevoel omdat die kinders gebreklik was nie. Die kindertjies moes van kleinsaf onder die sorg van die moeders speletjies speel wat hulle tot sterk manne sou ontwikkel. Later is hulle almal in militêre kampe opgeneem om oorlogskuns te leer. Verskeie male is die seuns geslaan om te kyk of hulle taai genoeg was; en bewaar die arme seun wat huil, of op enige manier wys dat hy pyn voel. Al die ander het dan vir hom gespot en uitgelag.

Die Spartane het baie min gepraat, en nooit laat merk of hulle treurig of opgeruimd is nie. Hulle kos was maar skraps en gemeen, want hulle moes leer om met min uit te kom, sodat hulle dit nie in tyd van oorlog sou mis nie.

Dit is nou in kort die lewe van die Spartane. Hulle het nooit probeer om hulle stad of huise mooi te maak nie, want daar was so te sê geen huislike lewe nie. Hul een doel was om dapper soldate te wees. Soos dit gewoonlik in die lewe gaan, het die Spartane hulle doel bereik omdat hulle heeltemal seker was omtrent die doel waarna hulle bestreef het, en hulle het alles daarvoor opgeoffer. Om stil uit te bou en dapper te veg, was daar



Dit is 'n donkerrooi goggatjie. Hy is binne in 'n ronde, langwerpige houthuisie, nes 'n pypie, wat hy van stokkies of biesies maak. Partykeer lê die stokkies mooi plat en gelyk, en partykeer staan die stokkies half regop. In die binnekant is so'n vliesie wat baie sterk is. As hy loop, kom net sy koppie uit, en hy gaan taamlik vinnig.

Ek het een dag so 'n leë huisie gekry, en toe ek dit oopbreek, was daar twee ronde swart eiertjies in. Ek weet nie wat die diertjie eet nie, en wat sy regte naam is nie.

Hy sit graag aan biesies, bossies, klippe en selfs ook aan die treinspoor vas, en dit is swaar om hom daar af te trek. 'n Mens kry hom gewoonlik van Oktober tot November.

Nou ja, Kleinspan, as een van julle my iets van die diertjie kan vertel, sal ek baie bly wees.

WILLA SWART.

Jakkalsrivier.

Liewe Kleinspan,—Ek lees ook *Die Kleinspan*, en nou wil ek ook graag vir julle skryf. My pappie hou skool hier op die plaas, en hier is ook nog 'n onderwyseres. Ek is in Std. I en Juffrou leer vir my. Nou een dag het Juffrou en ses van ons skoolkinders gaan veldparty hou op 'n baie snaakse en hoë koppie, wat nie baie ver van ons huis af is nie. Ek stuur vir julle 'n kiekie wat ons die dag geneem het. Ons het die dag so baie geniet, en ons gaan weer 'n ander dag die koppie beklim. Ons het 'n slang en 'n bokkie ook gekry. Baie groete van

MOIRA YEATS.

Potgietersrus.



'n Klompie van die skoolkinders op Clarens na 'n onlangse kapokstorm.

Liewe Kleinspan,—Ek wil julle vertel van my tarentaaltjies. Ek het ag van hulle gehad, maar een het weggeraak. 'n Ou Kaffer het vir my eiers gegee, toe sit ek die eiers onder 'n hen, en al ag het uitgekom. Nou is hulle omtrent drie dae oud. Hulle is maar net so groot soos 'n gewone kuiken, en hulle is nou net in hulle skik met die hen-ma. Ek sorg baie goed vir hulle. Die haantjie het 'n horing op sy kop en eet net mielies en koring. Vir ons is hulle bang, want as ons in die hok ingaan, hardloop hulle in hul slaaphuisie in; dan bly die hen alleen buitekant, en as ons 'n tydjie uit is, dan kom hulle eers uit.

SELMA COETZEE.

Vryheid.



Boetie, ek wil *Die Kleinspan* lees.

Liewe Kinders,—Ek wil julle iets vertel van die ou drankie wat ons Afrikaners tog so baie van hou, nl., *koffie*.

En sal julle nou raai wie eerste vir ons die koffieplant ontdek het?

'n Dier wat baie van julle seker maar min van dink en wat ons kinders so graag saans in die kraal vang en ry: dit was 'n trop bokke van 'n klompie monikke daar ver in die berge van Abisienië.

Jare gelede, omtrent die end van die derde eeu na Kristus se geboorte, het die klompie monikke vir hulle geloof uit Arabië na daardie berge gevlug om skuiling te soek. Hulle het toe begin plant en saai, en het ook 'n aantal bokke aangehou wat teen die berghange gewei het. Saans moes een van die ou vaders altyd wagstaan by hulle want daar was volop wilde diere. Een aand kom die goeie ou vader uitasem aangeloop by die ander en vertel hulle dat die bokke betowerd is want hulle bokspring en gaan tekere asof dit 'n lekker lentemôre is. Toe gaan 'n ander vader na die bokke en—ja werklik, hulle is buitensporig opgewek en vrolik! Hy ondersoek toe die bossies wat hulle eet, en daar vind hy 'n snaakse plant met bessies aan. Hy neem 'n bietjie daarvan, kou dit en na 'n rukkie begin ons waardige oubaas net so wakker en opgeruimd te voel.

Dit was toe die koffieplant wat ontdek is.

Hulle het die plant begin kweek en ook besef watter nuttige ou plantjie dit was, want later het dit die vernaamste drank van die pelgrims na Mekka geword om hulle wakker te hou in hulle lang godsdiensoefeninge.

Nou ja, dis maar 'n legende of storie; maar wat seker is, is die feit dat dit afkomstig is van die Arabiere en dat koffie oorspronklik uit Abisienië en Arabië kom.

M. D. W.

Liewe Kleinspan,

Met groot belangstelling het ons uitgekyk na ons uitkampery op die Drakensberge, in 'n kloof onderkant Vyekop.

Vrydag, 11 Mei, om drie-uur in die middag het 150 kadette in volle uniform bymekaargekom met die kaptein, mnr. Snyman, en sy drie offi-



Hendrik op sy ryperd.